# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL 1968-2018 GOLDEN JUBILEE (ECHO GROUP)

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XVI YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, JULY 2022 No. 01


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

Psalm 30:1-10

1. Ek wil u lof verkondig, Here, want U het my gered en my vyande nie laat bly wees oor my nie.
2. Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak.
3. Here, U het my gered van die doderyk, my aan die lewe gehou toe ek al op pad was na die dood toe.
4. Sing tot eer van die Here, julle wat Hom getrou dien, loof sy heilige Naam!
5. Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenslank. Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer.
6. Toe dit goed gegaan het, het ek wel gesê: "Niks sal my ooit laat wankel nie".
7. Deur u goedheid het U my op 'n veilige berg laat staan, Here. Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword.
8. Ek het na U geroep, Here. Ek het U om genade gesmeek.
9. "Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig?
10. Luister, Here, en wees my genadig! Help my, Here!

# JOU BESLUIT BEPAAL JOU BESTEMMING!

(Boodskap gelewer deur Pastoor Sam Selva Raj in die Moederkerk)

**Elke mens in hierdie wêreld hou daarvan dat goeie dinge met hom gebeur – onverwagte of verwagte seëninge! Bevorderings!!**

**Maar elkeen het 'n unieke roeping van God en Hy lei elkeen van ons op verskillende maniere. Ons roeping mag verskillend wees maar die besluite wat ons op die regte tye neem bepaal ons bestemming. Die waarheid kom aan die lig wanneer ons die lewens van baie mense bekyk. Laat ons 'n studie maak van die lewens van die profeete Elia, Elisa en Elisa se helper, Gehasi. Hierdie mense was almal tydgenote.**

## I. ELIA DIE PROFEET!

Elia het geleef tussen die jare 910 – 896 v. C. Hy was 'n Tisbiet, afkomstig uit die land Gilead. Hy is deur die Here voorbestem en geroep om 'n profeet te wees. Die Bybel gee geen besonderhede oor sy geboorte of sy familie nie.

Die betekenis van die naam Elia is "Jehovah is my God". As ons kyk na die lewe van Elia in die geheel, merk ons op dit was die Here wat hom geroep het en aan die einde was dit die Here wat hom ook na die hemel geneem het. Hy het nie die dood ervaar nie. Hy het nie 'n begrafnis gehad het nie. En tewyl hy op aarde was, het hy soos 'n askeet geleef met 'n kleed van dierehare gemaak en 'n band om sy middel.

God het hierdie man gesien wat in die woestyn gewoon het en 'n heilige lewe gelei het en het hom gekies om sy ontsagwekkende plan uit te voer. God se keuse was nie gegrond op die man se opvoedkundige kwalifikasies of sy finansiële agtergrond of sy afkoms nie. Elia se enigste kwalifikasie was dat hy altyd gereed was om na die stem van God te luister en dan sou doen wat die Here gesê het. En God het van hom 'n profeet gemaak tydens die regeringstye van koning Agab en koning Ahasia. In die tyd van Elia het Agab, die seun van Omri, koning van Israel geword en meer kwaad gedoen in die oë van

*... verv. op bls. 3*

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...



(ECHO GROUP)

"Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde.." - Psalm 145:8.



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.



**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call


Geliefde broers en susters,

Die beste groete in die geseënde Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Ons is dankbaar teenoor julle vir julle liefde en omgee teenoor ons onderskeie bedienings en werkers. Ons word baie bemoedig deur julle liefde en goedheid. Mag God julle seën.

Pastoor M. Muthu, voorsitter van ons Nehemia Bybelkollege se gesondheid is besig om te verbeter. Ons bedank al ons vriende wat vir hom bid. Hou asseblief aan daarmee.

Soos julle weet, is ons uiters besig in die promosie-aktiwiteite van **Echo of His Call** se blad, die **Nehemia Bybelkollege** in Hindi/Odia en Tamil, met die **St. Paul's Matriculation School**, ons kerke, **ensovoorts**. God seën voortdurend al ons aktiwiteite en reise binne en buite die stad Tsjennai. Ons sal ons boodskap onder Put tot Paleis voortsit in die volgende uitgawe, want ons is hierdie maand te besig.

Verder is ons geliefde broer en senior Mederedakteur van **Echo of his Call** blad, **Br. Manuel M. Paulraj**, op 25 Mei 2022 oorlede. Onthou ons asseblief in julle gebede. Ons sê dankie vir julle dat julle vir hom gebid het terwyl hy siek was.

Deur die genade van God is die Gradeplegtigheidsdiens van ons **Nehemia Bybelkollege** op 3 Junie 2022 gehou. 23 studente het grade ontvang en is afgesonder om in die onbereikte dele van Indië te gaan werk.

Deur God se genade het ons **Nehemia Bybelkollege** (Andkursus in Tamil en Residensiële Kursus in Hindi/Odia) heropen op die 6de Junie soos ons dit geskeduleer het en die klasse is in volle swang. Ons Village High school, dit is die **St. Paul's Matriculation School**, het ook heropen op 13 Junie 2022. Bid asseblief vir die sukses van hierdie instansies.

In hierdie dae vra ons julle toenemende gebede vir al die lede van die families van ons medewerkers aangesien 'n paar van ons gesinslede 'n fisiese aanraking van God nodig het.

Onthou asseblief al die behoeftes van ons veelvuldige bedienings vir die uitbreiding van God se koninkryk.

Mag God julle ryklik seën in die dae wat kom.

Julle dienaars in Christus Jesus,


PASTORE S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, E.mail : samselvaraj333@gmail.com



**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ◘ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ◘ Online Courses ◘ Theological Correspondence Courses (2 languages) ◘ Church Planting ◘ Nehemiah Bible Colleges ◘ Gospel Printing Press ◘ Great Commission Partners ◘ St. Paul's Matriculation School ◘ Crusades ◘ Community Development

*verv. v. bls.1*

die Here as eningeen voor hom. Hy het dit nie net gering beskou om die sondes van Jeroboam die seun van Nebat te pleeg nie, maar hy het ook getrou met Isebel die dogter van Etbaäl, die koning van Sidon en het begin om Baäl te dien en te aanbid. Hy het 'n alltaar opgerig vir Baäl in die tempel van Baäl wat hy in Samaria gebou het (1 Konings 16:30-32). 'n Koning van Israel het 'n heidense afgod aanbid in plaas daarvan om die God van hemel en aarde te vereer.

## 1. Elia het gesê daar gaan geen reën wees nie, en daar was nie reën nie.

Elia het die woord van God na koning Agab gebring: "Daar sal geen dou of reën wees in hierdie jare nie, behatwe as Ek dit gebied". Net soos hy gesê het, was daar geen reën hoegenaamd vir drie jaar en ses maande nie. Hy was nie bang om voor die koning te verskyn en vir hom te vertel wat die Here gesê het nie.

Elia was 'n heilige en godvresende man wie se geloof in God baie groot was. Hy was dapper en het nooit die gevolge daarvan gevrees nie.

## 2. Hy was 'n gehoorsame profeet:

God het vir Elia gesê, "Gaan hiervandaan af ooswaarts en gaan versteek jou in Kritspruit, anderkant die Jordaan." (1 Konings 17:3). Hy het na die plek gegaan soos die Here gesê het. Soos die Here beloof het, het die kraaie vir hom brood en vleis gebring, soggens en saans. Aangesien daar vir 'n lang tyd nie reën was nie, het die spruit daar opgedroog. Toe het God vir hom gesê, "Gaan na Sarfat toe by Sidon en gaan bly daar. Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee om vir jou te sorg." Ook hierdie opdrag het Elia gehoorsaam. In Sarfat het hy die weduwee ontmoet en haar gevra vir brood en water. Sy het vir hom gegee wat hy gevra het hoewel sy self baie min oorgehad het. So is hy oorvloedig geseën totdat die land geseën is met reën. Later, toe haar seun gesterf het, het Elia hom weer opgewek!

## 3. Hy was 'n dapper profeet (1 Konings 18:18-39):

Toe het God vir Elia gestuur om te verskyn voor koning Agab. Elia het die koning gevra om die hele Israel op die berg Karmel byeen te bring en ook die 450 profete van Baäl en 400 profete van Asjera. Elia het vir die mense gevra, "Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm." Bring nou vir ons twee bulle. Hulle kan vir hulle een bul kies en hom opsny en op die hout uitlê. Maar hulle moet dit nie aan die brand steek nie. Ek sal dieselfde doen met die ander bul. Ek sal hom op die hout uitlê, maar dit ook nie aan die brand steek nie. Dan moet julle tot julle god bid, en ek sal tot die Here bid. Hy wat met vuur antwoord, is God." Die hele volk het geantwoord: "Dis goed so." Hulle het geroep: Baäl, hoor ons!. Toe sê Elia vir die profete van Baäl: "Kies 'n bul en maak julle hom eerste gereed, want julle is die meeste. Bid dan tot julle god. Maar julle mag nie die vuur aansteek nie."

Toe roep hulle nog harder; en soos altyd kerf hulle hulle stukkend met swaarde en spiese dat die bloed oor hulle loop.

Niemand het geantwoord nie, daar was geen reaksie nie. Toe het hulle aanvaar dat hulle verslaan was.

Toe het Elia die stukkende altaar van die Here weer reggemaak. Hy het 'n behoorlike sloot daar rondom gegrawe. Toe sit hy die hout reg, sny die bul stukkend en lê dit uit op die hout. Toe beveel hy: "Maak vier kruike vol water en gooi dit uit op die brandoffer en op die hout." Daarna sê hy: "Doen dit weer," en hulle het dit nog 'n keer gedoen. Toe sê hy: "Doen dit 'n derde keer,". en hulle het weer so gemaak. Toe stroom die water oor die hele altaar, en selfs die sloot rondom het vol geword.

Teen die tyd van die aandoffer het die profeet Elia vorentoe gekom en gebid: "**Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit tog vandag bekend word dat U God is in Israel, en dat ek u dienaar is wat op u bevel al hierdie dinge doen**

(1 Konings 18:36).

Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer, die hout, die klippe en die grond. Dit het selfs die water in die sloot opgelek. Toe die hele volk dit sien, het hulle op hulle knieë geval en uitgeroep: "Die Here is God! Die Here is God! Die Here is God!" Elia het voor die weifelende mense van Israel bewys "Die Here is God!" deur vuur van die hemel af te bring.

In ons tyd is dit buitengewoon om sulke dienaars van God en sulke profete te sien. As daar deesdae wonderwerke gebeur of 'n profetiese woord vervul word, sien ons nie sommige dienaars van God wat sulke families besoek en aanspraak maak daarop dat dit gebeur het as gevolg van hulle gebede? Is dit nie so dat die kameraspan van die betrokke dienaar van God wat sulke huise besoek met al hulle mediatoerusting min of meer kamp opslaan rondom daardie familielede en daarvan 'n besigheid maak nie? Mense wat sulke besigheidsprofete ondersteun, is ook aan die vermeerder. Dit is God wat die wonderwerk doen. Jesus het gesê, "Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet" (Matteus10:8).

## II. ELISA DIE PROFEET!

Soos die Here gesê het, het die profeet Elia vir Elisa ontmoet terwyl hy besig was om met twaalf paar osse te ploeg. En hy het sy mantel oor hom gegooi. Elisa het hom gevolg en sy helper geword (1 Konings 19:19). Nadat Elia deur die Here lewend opgeneem is, het Elisa 'n groot wonderwerkende profeet geword gedurende die regerings van Konings Joram, Jehu en Joas.

Die opleiding wat Elisa onder Elia gehad het, was baie straf. Wie ook al homself gewillig oorgee om hard te werk en net strawwe opleiding te ondergaan, kan 'n goeie dienaar van God word. Geen groot dinge kan bereik word deur mense wat weier om hulleself te onderwerp aan harde werk, behoorlike opleiding en die regte aktiwiteite nie. Mense wat dink dat hulle 'n groot offer aan God brring deur slegs die dienste op Sondag by te woon, kan nooit groot dienaars van God word nie.

### 1. Elisa wat een geword het met die persoon wat hom geroep het tot die bediening:

Terwyl Elia en Elisa besig was met dienswerk in Gilgal, het Elia skielik vir Elisa gesê, "Bly asseblief hier, want die Here het my na Bet-El gestuur." Maar Elisa was vasberade om nie sy leermeester te verlaat nie. "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie." Dus het hy Elia gevolg waar hy ook al gegaan het.

So het hulle saam na Bet-El gegaan en van Bet-El af is hulle na Jerigo toe. Van Jerigo af het hulle na die Jordaan gegaan. Op al hierdie plekke het Elia probeer om sy leerling alleen te laat. Maar Elisa wou nie sy leermeester Elia verlaat selfs vir 'n kort rukkie nie, maar het hom gevolg waar hy ook al gegaan het.

Selfs by die Jordaan wou Elia vir Elisa alleen laat deur te sê dat hy oor die Jordaanrivier wou gaan. Elisa het aangedring daarop om die rivier oor te steek saam met hom. Aangesien hy heeltyd vas gestaan het om sy leermeester te volg, het Elisa die rivier saam met Elia oorgesteek. Voordat hy die rivier oorgesteek heet, het die profeet Elia sy mantel opgerol en die water geslaan. Die rivier het in twee verdeel en so vir hulle 'n pad gegee om oor te loop. Hulle het al twee die rivier oorgesteek.

Toe het Elia vir Elisa gesê dat hy binnekort die aarde sou verlaat. "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af weggevat word?" Elisa het geantwoord, "Mag daar tog 'n dubbele deel van u gees op my kom!" Toe sê Elia: "Dis 'n moeilike ding wat jy vra. As jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, mag dit dan met jou gebeur; maar as jy my nie sien nie, sal dit nie gebeur nie." Terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik 'n wa van vuur met perde van vuur wat hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in. Elisa het geskreeu en geweeklaag toe sy meester opgeneem is. Hy het die mantel opgetel wat van Elia afgeval het en teruggegaan en op die wal van die Jordaan gaan staan (2 Konings 2: 12-13).

### 2. Elisa was nooit mismoedig nie:

Hoewel Elisa geweet het dat hy baie kere getoets is deur sy meester se woorde en dade, was ny nooit mismoedig nie.

**God is in staat om diegene te help wat ly. Hylle sal nooit beskaamd staan nie.** Jy mag dink dat iets in jou lewe nooit gebeur het nie. Dat jou gebede onbeantwoord gebly het, dat dae en geld verniet gebruik is. Hoewel jy die Here gedien het, mag dit lyk of alles afstuur op 'n mislukking. Jy mag selfs vra, "Is daar regtig 'n God?"

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE**
**BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
HAAS JOU VIR TOELATING!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2022 Julie 19 Tot 2022 Augustus 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## SAKE VIR LOF EN DANK

**Julie 19** ➲ God het ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

**Julie 20** ➲ Laat ons God loof vir ons ondersteuners vir hulle gebede en ondersteuning.

**Julie 21** ➲ Loof die Here vir ons St. Paul's Matriculation School en Nehemia Bybelkollege en Teologiese Korrespondensiekursus.

**Julie 22** ➲ Loof God vir sy oorvloedige seëninge op ons Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin.

**Julie 23** ➲ Laat ons God prys vir al die mederedakteurs en hulle gesinne.

**Julie 24** ➲ God het ons Moederkerk en wykskerke geseën met meer gelowiges.

**Julie 25** ➲ Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, Geloofsgenote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

**Julie 26** ➲ Loof die Here vir sy oorvloedige seëninge wat Hy uitstort op die gesinne van ons werkers.

**Julie 27** ➲ Loof God vir die beskerming van ons volk.

**Julie 28** ➲ Loof God dat Hy ons Nehemia Bybelkollege se gradeplegtigheid geseën het wat op 3 Junie 2022 gehou is.

**Julie 29** ➲ Laat ons God prys dat Hy ons nuwe gelowiges geseën en gesalf het om deel te word van ons kerk.

**Julie 30** ➲ God het ons in genade gehelp om nuwe studente te kry vir die kursusse en aan die Residensiële en Aand Nehemia Bybelkollege.

**Julie 31** ➲ Loof God dat Hy ons gehelp het om 'n waterverkoeler, Yskas, Beddens, matte en apparate te koop wat ons baie nodig gehad het by ons Residensiële Bybelkollege.

**Augustus 01** ➲ Loof die Here vir die Staatkoördineerders en hulle kameraadskap.

**Augustus 02** ➲ Loof God vir die groot toewyding van die sendingwerkers.

**Augustus 03** ➲ Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

## SAKE VIR GEBED

**Augustus 04** ➲ Ons Engelse Mederedakteur, Br. Manael M Paulraj het in die Here ontslaap op 25 Mei 2022. Bid asseblief vir die bedroefde vriende, gesin en familielede.

**Augustus 05** ➲ Bid dat God ons in staat stel om die Woord van God te versprei na onbereikte plekke.

**Augustus 06** ➲ Laat ons ons daarop toelê om te bid vir eenheid tussen gelowe.

**Augustus 07** ➲ om ernstig te bid vir integriteit jeens God onder al die nasies.

**Augustus 08** ➲ Bid tot God om ons meer visie te gee vir die bou van sy Koninkryk op aarde.

**Augustus 09** ➲ Vir ons land se eenheid en vooruitgang in alle aspekte en beplanning.

**Augustus 10** ➲ Vandag gaan ons die 54ste jaar van ons Bediening binne. Bid asseblief.

**Augustus 11** ➲ Bid asseblief vir die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne en dat vrede gesoek word oor die wêreld.

**Augustus 12** ➲ Bid vir vrede oor die hele wêreld.

**Augustus 13** ➲ Bid tot God vir sukses vir ons Senior Pastoor met die skrywe van sy outobiografie.

**Augustus 14** ➲ Bid vir 'n einde van alle geweld teen vroue en kinders.

**Augustus 15** ➲ dat God nuwe krag sal gee aan ons Koördineerders en Pastore.

**Augustus 16** ➲ Laat ons bid vir ale Christelike Organisasies.

**Augustus 17** ➲ Laat ons bid vir die werkers in ons sendingveld.

**Augustus 18** ➲ Bid vir seën op die planne van ons senior Pastoor S. Sam Selva Raj

verv. v. bls.4

Is jy nou mismoedig? Moenie moed verloor nie, wees dapper. God sal sekerlik 'n onverwagte wonder in jou lewe doen! Verander jouself soos Elisa. As jy dit doen, sal die tye verander! Situasies sal verander. Ons Here verander nie.

Hoewel Elia deur die Here opgeneem is en Elisa geroep het “My vader, my vader”het hy nie sy geloof verloor nie. Hy het nie alle hoop laat vaar nie. Hy het nie die salwing op sy hoof en sy roeping verwaarloos nie. Hy het net na die hemel opgekyk en geroep.

Geliefde leser, Elisa het die mantel wat van Elia afgeval het, geneem en die water daarmee geslaan en die rivier is verdeel. Elisa het deur die rivier gegaan. Moenie dink aan jou eie kwalifikasies en jou lae status nie. Die Bybel sê

**3. God beantwoord elke klein gebed:**

Wanneer ons tot God bid vir ons behoeftes, is dit nie noodwendig dat God sal antwoord op die manier wat ons wil hê nie. By voorbeeld, miskien is jy besig om te vas en te bid dat 'n lening deur die bank aan jou toegestaan word. Miskien help God jou nie om die lening te kry nie.. Maar Hy sal op n wonderlike manier jou finansiële nood verlig op 'n ander wyse.

Ek het 'n goeie vriend, Dr.Rabinder Boaz, wat 'n snydokter is in Tsjennai. Hy is 'n godvresende man wat geen liefde vir geld het nie. Hy is ook 'n dienaar van God. Eenkeer het 'n dokter een van my vriende gediagnoseer met aambeie en dat dit geopereer moet word. Die vriend het na my toe gekom om vir hom te bid. Ek het vir hom gebid want hy was baie arm en toe het ek hom na my vriend, Dr. Rabinder Boaz geneem.

Vordat hy die pasiënt ondersoek het, het die dokter 'n kort gebed gedoen. Toe sê hy vir die pasient, “Dit is nie nodig vir 'n operiasie nie. Drink baie water, eet baie groen groentes en piesangs. Kom oor 'n week weer. Ek is seker jy sal gesond wees.” Toe ons huis toe gaan, het die pasiët se gesig baie bedruk gelyk. Toe ek hom vra, “Hoekom is jy bekommerd?” het hy geantwoord, “Ek is bekommerd omdat ek nie geopereer is nie.”. Sy verwagting was dat hy geopereer word teen 'n laer koste! Maar hy het die dokter se raad gevolg.

En wat toe gebeur het, hy is volkome genees sonder 'n operasie! Sy probleem was dat hy voorberreid was op 'n operasie en nou het die operasie nie plaasgevind nie!

Soms bid ons en verwag 'n antwoord volgens ons denke – maar God werk in sy eie wysheid en krag. Maar ons moet voorbereid wees om daardie wonderwerk te aanvaar!

Elisa kon ook gedink het dat in plaas van 'n dubbele deel van Elia se krag het hy net sy mantel gekry. Maar omdat Elisa 'n geestelike mens was, was hy bereid om die mantel volledig te aanvaar!

Liewe kind van God's, hoe is jou houding teenoor God's se antwoorde op jou gebede?

## III. GEHASI

Daar was 'n groot generaal van die Siriese leër wie se liggaam aangetas was deur melaatsheid. Sy naam was Naäman (2 Konings 5:1). 'n Jong meisie uit Israel het in sy huis gewerk en sy het aan haar mevrou voorgestel dat Naäman genees kon word as hy na Elisa geneem word. So het Naäman dan na Elisa toe gegaan. Toe hy voor die deur van Elisa staan, het Elisa vir hom gesê hy moet homself sewe keer in die Jordaanrivier gaan was. Naäman het kwaad geword hieroor en gesê, “‘“Ek het darem gedink hy sou uitkom en gaan staan, die Naam

**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

Bid asb. vir

**Medium : Tamil**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**

**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

Haas jou vir toelating!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

van die Here sy God aanroep, dan sy hand heen en weer oor die plek beweeg en so die melaatsheid wegneem. Het ons nie baie riviere in ons eie land wat baie beter is as die Jordaanrivier nie?" Maar sy dienaars het hom gepaai en gesê, "Meneer, as die profeet iets moeiliks van u verwag het, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer nou dat hy eenvoudig vir u gesê het: Was jou en jy sal rein wees?"

Toe hy dit hoor, het Naäman gegaan en sewe maal in die rivier gebad. Soos die man van God gesê het, is sy liggaam herstel en het sy sy vel gesond geword soos dié van 'n klein seuntjie en hy was weer rein. Hy en sy hele gevolg het teruggegaan na die man van God toe. Daar aangekom, het Naäman voor die man van God gaan staan en gesê: "Ek weet nou, daar is geen God op die hele aarde nie behalwe in Israel. Aanvaar asseblief hierdie geskenk van u dienaar."

**Naäman het by Elisa daarop aangedring om dit te aanvaar, maar hy het bly weier** (2 Konings 5:11-16).

Elisa ae bediende, Gehasi het dit dopgehou en vir homself gesê, "My meester het niks van Naäman gekry nie. Ek gaan agter hom aan hardloop en ek sal iets van hom aanvaar." So het Gehasi agter Naäman aangehardloop. Toe Naäman sien hy hardloop agter hom aan, vra hy Is iets verkeerd? Gehasi?" het geantwoord, "Niks nie, Meneer." "Die profeet het my gestuur om te sê: Daar het nou net twee jongmanne van die profetegemeenskap hier aangekom van die Efraimsberge af, Sal u nie asseblief vir hulle vier en dertig kilogram silwer en twee stelle klere gee nie." Naäman het gesê: "Wees so vriendelik om ag en sestig kilogram te aanvaar." Hy het by hom daarop aangedring, die ag en sestig kilogram silwer in twee geldsakke toegebind en dit saam met die twee stelle klere aan twee van sy slawe gegee om dit voor Gehasi uit te dra. Gehasi het dit by hulle gevat en in sy kamer gaan wegsteek. Toe het hy die manne laat gaan en hulle is daar weg.

Toe hy inkom en by die profeet gaan staan, vra Elisa vir hom: "Waar kom jy vandaan, Gehasi?" Hy het geantwoord: "Ek was nêrens heen nie". Elisa het in sy goddelike wysheid geweet wat sy bediende gedoen het. Hy sê toe vir hom: **"Was ek nie in die gees by jou toe iemand van sy wa af omgedraai het om jou tegemoet te gaan nie? Moes jy dié geleentheid aangryp om silwer en klere in die hande te kry, of olyfboorde en wingerde, kleinvee en grootvee, slawe en slavinne? Die melaatsheid waarmee Naäman aangetas was, sal vir altyd aan jou en jou nageslag sit. Toe hy van Elisa af weggaan, was hy klaar melaats, wit soos sneeu" (2 Konings 5:25-27).** Gehasi, 'n dienaar van God het gemaak dat sy naam weggeneem is uit die lys van

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call
### Korrespondensiekursusse slegs vir kandidate in Indië

**BYBELKOR**

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

*Skryf aan ons vir besonderhede*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, Post Box 2957
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell : 98410 71852, 95661 31858
E.mail : biblecor@yahoo.co.in



## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60@telkomsa.net**

**SIS. ELBINA SMITH**
Address : **DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## 'N OU VERHAAL VAN 'N POTLOODMAT

**"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie " - (Spreuke 22:6).**

Na voltooiing van my 5de standerd in 'n dorpskool, is ek gepromoveer en toegelaat tot 'n hoërskool waar ek vir die eerste keer die Engelse alfabet geleer het. Op die eerste skooldag het die onderwyser ons opdrag gegee om die volgende dag **'n potlood en 'n notaboek** te bring. Toe ek by die huis kom het ek dadelik my ma vertel van hierdie behoefte, aangesien my vader nie tuis was nie. Sy kon vir my die boek kry, maar kon nie vir my 'n potlood koop nie. Aangesien sy nie graag vir hierdie behoefte by die naburige familie wou aanklop nie, het sy aan my haar probleem verduidelik en my opdrag gegee om die Here Jesus Christus te bid om vir my 'n potlood te voorsien.

Gehoorsaam aan haar woorde het ek die aand neergekniel en tot God gebid om vir my 'n potlood te gee en toe het ek gaan slaap. God het my nie 'n potlood gegee voor die volgende oggend nie Dus moes ek die vlogende dag skool toe gaan sonder 'n potlood. Toe al die ander skoliere potlode gebring het vir hulle eie gebruik, was ek die enigste een wat nie in staat was om die onderwyser se opdrag uit t voer nie. Die onderwyser was dus nie gelukkig met my nie. Sy het gesê ek moenie die volgend dag skool toe kom sonder 'n potlood nie. Ek het huis toe gegaan en vir my ma vertel hoe ontevrede die onderwyser met my was

Ek het huis toe gegaan en vir my ma vertel hoe ongelukkig die onderwyser met my was. Sy het net geglimlag en gesê ek moet aanhou om die Here Jesus Christus vir die tweede dag te bid en het my verseker dat die potlood op pad was. Ek het so gemaak, maar gevind dat niks gebeur het nie. Ek moes dus weer met leë hande skool toe gaan. Toe die onderwyser my daarna vra, het ek haar vertel dat ek die Here Jesus Christus gevra het in opdrag van my moeder en dat die potlood op pad was. Die onderwyser was geïrriteerd en kwaad met my en met my moeder se houding. Sy het gesê ek moenie die volgend dag skool toe kom sonder "n potlood nie.

Met droefheid het ek hierdie nuus vir my ma vertel. Sy het gesê ek moet vir die Here Jesus Christus dankie sê dat Hy luister na my **Potloodgebed.** Ek het tot middernag die Here bedank. Maar aangesien ek nie kon slaap nie, het ek heeltyd gedink aan die moeilike tyd wat my te wagte was op die volgende dag in die skool as ek daar aankom sonder 'n potlood.

Tot ons verbasing het ons in die middel van die nag iemand hoor klop aan die deur. My ma het gesê dit kan diewe wees wat aan die deur klop, want hulle het geweet daar is nie 'n man indie huis nie. Sy het gesê ek moet my stilhou en onder die bed gaan slaap.

Toe hoor ons 'n stem wat deur die venster my moeder op haar naam roep. Dit was niemand anders as my oom, mnr. Selvamani, wat 'n polisiebeampte was en in 'n dorp genaamd Palayamcottai omtrent 70 kilometer an ons huis af gewoon het. Ons het verheug die deur oopgemaak. Hy het vir my soos gewoonlik'n klomp geskenke gebring soos koekies, lekker, klere, ens. Toe ek een sekere sak oopmak, kry ek daarin 'n boks. Toe ek die boks oopmaak, kry ek daarin 'n boks vol Nataraj potlode wat baie duur poltlode was in daardie tyd. Daar was 24 potlode in daardie boks.

Ek het daardie aand op en af gespring en gesê God Jesus Christus het nie net na my gebede geluister nie, maar dit ook beantwoord. As gevolg van my oorborrelende vreugde, het ek die hele nag niks geslaap nie.

Die volgende dag is ek baie gelukkig skool toe met die boks van 24 duur potlode terwyl ander skoliere elkeen net een gebring het. Die onderwyser het met 'n kwaai gesig na my toe gekom en uitgevra wat gebeur het. Ek het geantwoord dat die potlood wat die vorige dag op pad was, my hande bereik het op 'n wonderbaarlike manier. Sy het my op die rug geklop en vir die kinders vertel daar is 'n lewende God, en sy naam is JESUS CHRISTUS!

Liewe leser, dit het gebeur toe ek omtrent sewe jaar oud was, maar die ondervinding is steeds vars in my gemoed. Dieselfde God wat vir my potlode voorsien het, leef nog steeds. **Jesus Christus is gister en**

**vandag dieselfde en tot in ewigheid** (Hebrews 13:8). Sedertdien hou ek 'n klein matjie in my kamer wat ek vandag nog my **'Potloodmat'** noem. **Ek gaan elke dag vroeg in die môre na die Potloodmat en probeer om minstens drie maal per dag ten spyte van my besige program tyd te neem om tot dieselfde God Jesus Christus te bid. Sover het ek van Hom verskeie minibusse ontvang, groot geboue, ensovoorts alles deur gebed op die Potloodmat. Ek het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die hand wat die Bybel dra en die bene wat neerkniel om te bid, nie in mislukking sal eindig nie.**

Ek het dus in die afgelope 53 jaar van my bediening, geen geldinsamelingsprojek geloods nie, ook nie by iemand aangeklop om geld in te samel vir materiële dinge wat ons nodig het in ons veelfuldige bedienings nie. Ek het geld van my God ontvang wat my geantwoord het op my gebede op my POTOODMAT vir al my behoeftes.

**Liewe vriende, Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee** Filippense 4:13

************

*....Contd. from page 7*

God se dienaars. Sy nageslag is ook vervloek.

Wie is jou rolmodel? **As jy vir my sou vra, sal ek sê ek wil graag word soos Elisa. Ek sou grootliks begeer om die salwing van Elisa op my hoof te hê sodat ek dubbeld geseën mag wees en 'n lewe van oorwinning mag lei in hierdie wêreld.**

Dink asseblief 'n bietjie na! Is jy geroep soos Elisa? Al is jy geroep soos Elisa worstel jy nog daaglike met probleme in liggaam en gees?" Lei jy 'n lewe soos Gehasi wat geld aanvaar in die naam van een of ander goeie werk of bediening?

In die sakke van sommige van vandag se dienaars van God, is daar miskien nie enige Bybels of evangeliese traktaatjies nie. In plaas daarvan het hulle waarskynlik begrpotingspapiere vir een of ander geliefde projek en ander papiere wat daarmee verband hou. Party mense is glad slim genoeg om hierdie soort besonderhede te memoriseer! Baie van vandag se diensknegte van God is bedrewe daarin om planne uit te dink om geld te bekom waar hulle dit ook al sien. Hulle het sogenaamde "heilige redes" om geld te bekom.

Wanneer God se werkers geld nodig het, sê party "Gee my jou geld. Ek sal met trane vir jou bid. Dan kan jy seker wees jy sal gelukkig wees." Sommige sê "God soek 750 mense wat elkeen 1000 roepee kan gee vir ons bediening." Ander sê "God het aan my verskyn en gesê mense wat groot bedrae gekry het ten tyde van hulle aftrede, moet dit alles gee vir hulle bediening. Ons sal die volle bedrag teruggee na 5 jaar."

Jesus het nie sy dissipels geleer om die publiek te bedrieg nie. Maar ons moenie hierdie mense aanstoot gee nie. Gaan see toe en gooi hoek in, en die eerste vis wat byt, moet jy uittrek. **As jy sy bek oopmaak, sal jy 'n silwermuntstuk daarin kry. Vat dit en betaal hulle die belasting vir My en vir jou." (matteus 17:27).** Sommige kinders van God het gewoonlik geld op die verkeerde manier in die hande gekry en die smaak daarvan genier. Party is bereid om 'n deel van die geld te gee vir die werk van die Here. Maar God is nie ten gunste van sulke geld wat op verkeerde maniere verkry is nie. Liewe dienaars van God, wees versigtig in al julle bedrywighede!

As ons ons bediening op 'n eerlike manier verrig, hoef ons nie rond te val om ons uitgawes te dek nie. Ons hoef nie maniere uit te dink om geld te vind nie. Ons hoef nie nuwe planne te ontwerp en uit te voer nie. Die Here wat ons geroep het, is getrou. Hy sal nooit sy kinders in die steek laat nie. Maar Hy sal beslis die motief agter ons optrede bemerk.

**Liewe kinders van God, is julle besig om 'n lewe te lei volgens julle geestesgesteldheid?**

## Echo of His Call Saluteer 'n Besondere Man en Sy Buitengewone Bydrae in Publikasies



## Br. Manuel M. Paulraj

**Senior Assistentredakteur**

van Echo of His Call, Engelse maandelikse uitgawe wat saam met ons in die bediening was vir die afgelope 43 jaar, het in die ouderdom van 72 jaar in die Here ontslaap op 25 Mei 2022, Woensdag om 6 vm. Hy word oorleef deur sy vrou, seun, dogter en kleinkinders. Bid asseblief vir ons.

**- Pr. S. Sam Selva Raj**

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

**Hoe groot of klein dit ook al mag wees, is julle gewillig om soos Elia te wees deru 'n heilige lewe tei volgens God se wil?**

**Of**

**Of is julle soos Elisa wat met vuur bid en vasstaan in juile geloof sodat julle sterk kan staan in julle roeping en 'n dubbele seën ontvang? Wil julle Elisa volg en wyser word as julle vyande en meer intelligent as julle leraars en slimmer as die ouderlinge? (Psalm 119:98-100**

**Of**

**Wil julle soos Gehasi wees wat iets doen in die naam van 'n bediening en heen en weer haas om geld te maak wat daartoe sal lei dat julle julle bediening verloor en so ook 'n vloek op julleself en julle nageslag laai?**

**Julle besluit berus op wat julle graag wil hê.**

********

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

### TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris**
**Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th JULY 2022

If un-delivered please return to:
**ECHO OF HIS CALL**
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**